(MIS) LEIDING

Saamgestel deur Roedolf Botha

eKERK
Jesus · sigbaar, voelbaar, verstaanbaar

| TENDENS

INLEIDING

-

Hierdie is ’n tendensverslag oor leierskap. Meer spesifiek gaan dit oor leierskap in die konteks van ons huidige globale politieke klimaat. Daar word gesê dat ’n samelewing net só goed vaar as sy leiers vaar. Die leier/s van ’n land, organisasie of gemeente het eenvoudig ’n bepalende effek op wat in die res van die sisteem gebeur. Dit wil egter voorkom of – nie net die Westerse samelewing nie – maar die ganse wêreld tans ’n krisis beleef wat betref die standaard en kwaliteit van sy leierskap (Guinness 2016: 21-23). Ray Croc het egter gesê: “*The quality of a leader is reflected in the standards they set for themselves*”[1] In verband hiermee het Theo Veldsman (professor in Bedryfsielkunde en Menslikehulpbronbestuur, verbonde aan die Universiteit van Johannesburg) beweer dat (2016: ad loc.):

> *“People around the world are angry and frustrated with those who “lead” them. Increasingly, leaders and leadership generate scepticism and, in some cases, open revolt.”*

Oral is lande en inwoners ontevrede met die standaarde, waardes en opinies van hulle eie leiers. Hierdie gevoel is nie nuut nie. In die vorige eeu, kort na Hitler se Nazi-skrikbewind, was daar ’n skokgolf van ontnugtering oor die skade wat een persoon in ’n magsposisie die wêreld kan berokken. Sedert die Tweede Wêreldoorlog blyk daar steeds ’n algemene gevoele van toenemende ontnugtering en frustrasie te wees met mense in posisies van leierskap (Frank 1993: ad loc). Hierdie skeptisisme strek vandag vanaf politieke leierskap, regdeur besighede en sport, tot by leierskap in die kerk (Kinnaman & Lyons 2016: 28). Hierdie persepsie van gebrek aan morele en effektiewe leierskap het nie net ’n uitwerking op die politieke en ekonomiese klimaat van ’n land nie, maar ook op Jesus-volgelinge en die kerk van Christus. Hierdie tendensverslag poog om ietwat van ’n venster te bied op die effek hiervan op die kerk, asook om te besin oor hoe die kerk hierop moet reageer.

---

1. https://www.brainyquote.com/topics/leadership

WÊRELDWYE TENDENS

Ons kan nie ontken dat die huidige wêreldpolitiek 'n geweldige invloed het op hoe ons leierskap tans in Suid-Afrika beleef nie (Veldsman 2016: ad loc.). Veldsman se woorde resoneer weereens by 'n groot gedeelte van die wêreld se bevolking (2016: ad. loc.):

> "*People's trust and faith in leadership and the institutions they represent is evaporating at an alarming rate. There's a deepening, widening crisis in the legitimacy and credibility of leadership. This crisis can be attributed to five primary sources: unable; unintelligent; immature; immoral and/or destructive leaders. I estimate that at least 30% – and rising – of the world's current leadership is virally infected by one or more of these sources. It is crucial that this crisis is tackled, and leadership is reimagined to fit the new world order*."

Die mees onlangse en sigbare voorbeeld is die verdeeldheid in Amerika sedert die verkiesing van Donald Trump as president. Toe Trump vir die eerste keer aangekondig het dat hy homself beskikbaar stel in die presidentsverkiesing van die VSA, het hy dit juis gedoen vanuit sy eie en ander landsburgers se ontevredenheid met die destydse politieke bestel. Hy het gevoel dat die destydse leiers toelaat dat Amerika ingedoen word in onderhandelinge met Sjina, Japan en Meksiko (Coultier 2016 3). Nuwe leierskap was nodig – so het hy gevoel. Sy oplossing? Dat hy self president moet wees.

Die ironie is dat daar tans enorme kritiek teen Trump is, spesifiek aangaande sy morele lewe, sy etiek en politieke opinies aangaande rasse en immigrante. Alhoewel sommige Republikeine positief is, is 'n groot deel van die VSA en die res van die wêreld ontnugter. Die ontnugtering lê grotendeels op twee vlakke: *eerstens* dat die Amerikaanse publiek iemand met Trump se agtergrond kon verkies as hulle president, en *tweedens* Trump se karakter en leierskapstyl. Hoe dit ook al sy, sedert Trump se verkiesing word daar gereeld regoor die wêreld gepraat van "shock politics" (Klein 2017: 1). Skokpolitiek verwys na tendense in leierskap, of gereedskap wat gebruik word deur leiers, wat beleef word as 'n "skok" op die huidige sisteem, of manier van doen. Voorbeelde hiervan by Trump is sy rassisties-beleefde siening van immigrante, sy immorele agtergrond met betrekking tot vroue, sowel as sy onttrekking van die aardverwarmingskongresse en so sy totale ontkenning van die verskynsel self. Skokpolitiek kan egter ook verwys na die skokkende gevolge van hierdie soort leierskap op onder andere die ekonomie, onrus in die gemoedere van die publiek, burgerlike lewe en die globale politieke klimaat (Klein 2017: 1-5). Dit verwys verder ook na die brutale strategie van sommige politici om die publiek se disoriëntasie ná 'n kollektiewe skok soos 'n massaskietvoorval, 'n terroriste-aanval, 'n mark wat in duie stort of 'n natuurramp, te gebruik (of misbruik?).

Hierdie en ander strategieë deur politici word deur toeskouers beleef, nie as primêr polities nie, maar as immoreel, omdat hulle voel dat sulke leiers nie die belange van hulle land op die hart dra nie (Cillizza 2017: ad loc.).

> "*Ethical leaders do the right thing for the right reasons in the right way in the right place and at the right time with the right people*" (Veldsman 2016: ad loc.). Vandaar onder andere die gevoel van ontnugtering met vandag se leierskap.

Die persepsie van immorele leiers wat nie vertrou kan word nie, is natuurlik so oud soos die berge. Ons word herinner aan menige diktators in die geskiedenis vanaf Bybelse tye tot nou. Sommige van die gate in die mondering van vandag se leiers dra egter in 'n meer gesofistikeerde baadjie. Meer onlangs kan ons byvoorbeeld dink aan senator John Ensign se buite-egtelike verhoudings 'n paar jaar gelede (George 2011: ad loc.).

'n Artikel in die *Express Tribune* deur Munawar Mirza skets 'n goeie prentjie van die res van die wêreld se politieke leierskap. Verwysend na politieke leiers, sê hy (2016: ad loc.):

> "*The Middle East is in total disarray. Syria has been embroiled in a five-year civil war, and world powers have only now agreed on a plan*

to cease hostilities in the country in a week's time. Iraq is on the verge of collapse, while Libya is a failed state. Saudi Arabia and Iran are entangled in a contest for regional domination, Afghanistan is still in turmoil, and Pakistan is fighting its war on terror. In addition, we see China and Japan pitted against each other in the conflict over the islands in the East China Sea. Europe is facing challenges in the form of the refugee crisis."

Dis natuurlik nie net op die politieke front waar die publiek voel dat leiers hulle faal nie, maar ook in arenas soos besigheid en sport. Oor die laaste paar jaar het die CEO van Hewlett-Packard bedank omdat hy 'n vals uitgaweverslag ingedien het aangaande sy verhouding met 'n verskaffer; Lee B. Farkas, voormalige voorsitter van Taylor, Bean & Whitaker is uitgevang in een van die grootste bankbedrogsake in die geskiedenis (George 2011: ad loc.). Hierdie is maar net twee voorbeelde uit talle.

Gebrek aan moraliteit in leierskap is egter slegs een van die probleme. Veldsman (2016:ad. loc.) dui aan dat wêreldleierskap vandag nie oor die vermoë beskik om 'n land te lei nie. Hulle beskik nie oor die algemene vaardighede soos inter- en intrapersoonlike vaardigheid en sistemiese denke nie, is nie gemaklik in die wêreld van idees nie, en beskik ook nie oor aksie- en kontekstuele vaardighede nie. Hy beweer verder dat 'n ontstellend groot persentasie van vandag se leiers onvolwasse is en vasgesteek het by vroeëre volwassenheidsfases. Laastens is daar 'n sterk toksisiteit in sommige van ons wêreldleiers. Dit beteken dat hulle doelbewus die menswaardigheid van mense wat van hulle verskil, probeer onderdruk.

SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

-

Covey sê (1989): *“Leadership is not position. It is moral authority. Moral authority comes from following universal and timeless principles like honesty, integrity, treating people with respect.”*

In Suid-Afrika het ons in Nelson Mandela ’n besonder inspirerende voorbeeld gehad van morele leierskap. Sedert Madiba se uittrede is die gevoel egter dat die standaard heelwat afdraande geloop het. Al die elemente soos hierbo genoem deur Veldsman, geld ten sterkste ook vir Suid-Afrika.

Dis nie nodig om vele artikels en webtuistes aan te haal om die algemene gevoel van die Suid-Afrikaanse bevolking uit te lig nie. Enige persoon kan maar net nuus kyk of ’n koerant oopmaak om ’n smakie hiervan te kry. Bohang Mohale is die uitvoerende beampte van Business Leadership South Africa (BLSA), en hy dien ook op die Universiteit van Pretoria se Adviserende Raad. Hy som baie mense se gevoelens op wanneer hy beweer dat ons land se leierskap die land polities en ekonomies sowat twintig jaar agteruit geneem het en dat ons lank gaan neem om te herstel (2017: ad loc.). Hy sê verder: "*Resources are not a problem, it is our inability to manage them... We are poor by choice, not by fate. We have chosen leaders who have created this reality for us.*"

IMPAK OP **KERKLEIERS**

Al hierdie tendense het ook sy eie uitwerking op die kerkwêreld. Mense in gemeentes, asook in die samelewing, is ook skepties oor die bekwaamheid en karakter van kerkleiers. Soms met reg so. Predikante moet byvoorbeeld net so ingestel wees (indien nie meer nie) om hulle innerlike wêrelde te bestuur. So sien ons byboorbeeld uit die nuutste beskikbare navorsing dat 44% van Amerikaanse predikante die afgelope paar maande na pornografie gekyk het (Barna Trends 2017: 192). Onder die laaste opskrif in hierdie verslag, oor *wat die kerk kan doen* (onder punt 4), is daar nog voorbeelde van predikante en pastore se innerlike worstelinge.

Op 'n perseptuele vlak toon die mees onlangse studies *eerstens* aan dat die samelewing – in die algemeen – kerkleiers nie belangrik ag as geloofwaardige gidse vir die regte lewe nie (Kinnaman & Lyons 2016: 28). Hierdie daling in die persepsie van betroubaarheid van kerkleiers is eintlik al die laaste vyftig jaar met ons. 33% van alle volwassenes dink dat predikante goeie insig het in "geestelike" dinge soos Bybelkennis of om die wil van God te ken. Slegs een uit elke ses volwassenes dink egter predikante kan wyse raad gee oor hoe om die Bybelse boodskap toe te pas in areas soos politiek of regstelsels, of om oor ander lewenssake te praat (Kinnaman & Lyons 2016: 28-29).

'n *Tweede* persepsie wat heers, is dat geloofsgedrewe organisasies irrelevant is in 'n welsynsbewuste samelewing (Kinnaman & Lyons 2016: 29). Wat dít beteken, is dat die samelewing nie dink dat geloof in Jesus ons as gelowiges meer vrygewig maak of meer betrokke maak by welsynsprojekte nie. Nie-gelowige mense is immers net so betrokke, so word geglo, alhoewel hierdie aanname nie heeltemal akkuraat is nie.

'n Derde persepsie in die samelewing is dat die Christelike geloof irrelevant is vir die "regte dinge" van die lewe (Kinnaman & Lyons 2016: 31-32). Jesus was dus 'n goeie mens, maar sy lering het nie veel van 'n impak op die moderne samelewing nie. Ons kan dus heel goed vaar sonder Hom en sy kerk, ten minste as dit kom by gewone morele en kulturele dinge. Kerkleiers leef nie beter as ander mense nie en dus is hulle nie werklik nodig nie. 'n Groot deel van hierdie persepsie word natuurlik ook self deur leiers binne die kerk geskep.

Deur al hierdie gebeure en tendense in ons samelewing, en die skeptisisme aangaande leiers in publieke posisies, word die kerk van Jesus ook direk geraak. Die kerk in Suid-Afrika is vinnig besig om sy invloed te verloor en dit beteken dat ons nie die koninkryksimpak kan maak wat deur God van ons verwag word nie. Die volgende deel van hierdie verslag handel dus oor die vraag oor wat ons kan doen om die soort van leierskap te kweek na wie die wêreld sal wil luister.

WAT KAN DIE **KERK DOEN?**

-

Die eerste impulsiewe reaksie is natuurlik om naarstigtelik te soek na 'n "silver bullet" wat die dinge sommer vinnig gaan regruk (Veldsman 2016: ad. loc.). Ons is egter oortuig dat ons in die evangelie oor die beste beginsels en gereedskap beskik om uitstekende leiers te kan kweek. Daarom kan getroue, missionale gemeentes dus 'n positief-transformerende effek op die samelewing uitoefen. Die uitdaging is natuurlik – soos ons gesien het – dat die kerk self met 'n leierskapkrisis sit. Ons sal dus self nuut moet begin dink oor leierskap. En ons sal moet by die leiers self begin.

Die teenvoeter teen hierdie huidige globale tendens is dus om in die eerste plek in die kerk self goeie leiers te word en te wéés. Navorsing in gemeentes toon aan dat predikante en pastore – ondanks sommige kulturele stemme wat hulle belangrikheid onderskat – steeds 'n reuse impak het, en 'n gemeente kan maak of breek (Hanekom 2015: 33). Gesonde gemeentes – wat gelei word deur goeie en gesonde leiers – kán weer 'n enorme impak op die direkte samelewing hê. Watter faktore moet ons as kerkleiers dus in ag neem in ons gemeentes?

1. **Getroue leiers bewaar, beskerm en heg waarde aan ons kernwaardes en basiese Bybelse uitgangspunte**. Wanneer kerkmense soveel druk van die samelewing beleef, is sommige leiers van mening dat ons van ons kernwaardes moet prysgee om "aan te pas" (Spangenberg 2002; Spong). Waardes is egter belangriker as strategie, selfs in die arena van besigheid. Trouens, dis in die besigheidskonteks waar ek heel eerste hierdie beginsel goed leer verstaan het. In 1994 het Jim Collins en Jerry Porras 'n boek gepubliseer waarin hulle onder andere die vraag gevra het hoe goeie organisasies oor die langtermyn suksesvol bly. Een van die mees basiese resultate waarmee hulle vorendag gekom het, was dat goeie organisasies getrou bly aan hulle kernwaardes en kernbeginsels (Collins & Poras 1994: 80-82). Alles kan verander: die strategie, die taktiese planne of selfs die visie van 'n organisasie. Die waardes is egter wat aan 'n organisasie of kerk sy eie unieke identiteit en stem gee.

   Een so 'n waarde van die historiese kerk is die navolging van die *lewende, opgestane Jesus* (Sweet 2012: 7-12). Dit mag vanselfsprekend klink, maar menige predikante in gemeentes het my al meegedeel dat hulle nie meer glo in 'n opgestane of Goddelike Jesus nie. Hulle geloof in God is nou eintlik Jesus-loos. Sommiges het al gesê dat hulle glad nie meer in God glo nie en ook nie meer bid nie. Ek dink dis een van die probleme wat ons vandag in ons gemeentes het: leiers wat in die naam van geestelikheid ons nie meer kan lei in die navolging van 'n opgestane Jesus nie. Dit dra by tot sommige gevalle van die swak leierskap wat daar vandag in kerke te vinde is. Alhoewel hierdie gevalle moontlik in die minderheid is, is die tendens wel besig om toe te neem onder geestelike leiers. Sommige kerkleiers wat egter wel glo, se geloof hang aan só 'n dun draadjie – vanweë hulle gedurige twyfel – dat daar geen ruimte meer is vir waagmoedige leierskap waar mense gelei word na nuwe dimensies van hulle geloof nie. Twyfel is verstaanbaar en is 'n realiteit van enige gesonde persoon se geloofslewe. Twyfel is egter nie 'n deug nie. Ewige twyfel bring jou nêrens en gemeenteleraars wat konstant aan't twyfel is, kan nie hulle mense lei nie.

   Nog so 'n belangrike waarde is die *Bybel as die grondslag* van ons verstaan van realiteit en leierskap. 'n Geestelike leier moet mense tog lei in die verstaan en uitleef van die Bybel. Baie insiggewend is egter die data dat onder predikante wat glo in die Bybel as Goddelike openbaring – slegs 5% dink dat Bybelkennis 'n fundamentele eienskap is wat benodig word om 'n effektiewe gemeentebedienaar te wees (Barna Trends 2017: 202)! Dit beteken dat predikante in die algemeen wel uit die Bybel preek, maar wanneer probleemoplossing of persoonlike navolging van Jesus ter sprake is, daar nie genoeg moeite gedoen word met die verstaan en uitleg van die Bybel nie. In 'n onlangse studie het 34% van alle "Milleniale" en 28% van Gen-X'ers aangedui dat hulle nooit die Bybel lees nie (Barna Trends 2017: 141). 'n Gemeente wat verder wegbeweeg van die Bybel af, staan groot gevaar om uiteindelik fundamentele kernwaardes prys te gee waarsonder ons nie meer God se stem kan hoor nie.

Ander waardes is natuurlik Bybelse dinge soos verhoudings, liefde en die vrug van die Gees wat die fondament behoort te vorm van leierskap, verhoudings en gemeentelewe.

2. **Skep 'n gesonde leierskapkultuur in plaaslike gemeentes** (Hanekom 2015: 19-20). Gemeentes doen in die algemeen geheel en al te min moeite om uit te vind hoe die gawe van leierskap (Rom 12 en 1 Kor 12) werk en hoe dit aangewend behoort te word. Eintlik behoort elke persoon in die bediening so gou moontlik uit te vind wat sy/haar gawes presies is en 'n lewenslange reis begin om hierdie Godgegewe gawes te verstaan en uit te leef. As dit by leierskap kom, is daar vandag soveel konferensies, boeke en lesings hieroor dat geen leier eintlik 'n verskoning behoort te hê om 'n swak leier te wees nie. Hierdie kennis en ervaring moet egter gebruik word om gesonde leiers in 'n gemeente te kweek sodat die bediening van die koninkryk effektief kan funksioneer.

3. **Beoefen nederige selfleierskap in 'n era van twyfelagtige leierskap, swak karakter en "celebrity"** (Barna Trends 2017: 205). So belangrik soos wat leierskap is, word dit egter nooit die identiteit van 'n leier nie. Elke leier is in die eerste plek 'n nederige navolger (Sweet 2-12: 19). Voordat ons enigiets of iemand kan lei, volg ons eers. En ons doel van leierskap is om ons span en die gemeente te dien.

   Daar is al soveel maal gepraat, gepreek en geskryf oor leierskapmodelle. Daar word gepraat van 'n "top-down"-leierskapstyl; dan weer van deelnemende leierskap; en 'n pannekoekmodel vir leierskap en selfs ook van 'n "bottom-up" benadering tot leierskap. Na al die jare wonder ek of die vreeslike gekarring oor modelle nie oorbeklemtoon word nie. Baie van die ontnugtering in leierskap waaroor hierdie verslag gaan, kan vermy word deur die gesonde, Geesvervulde, liefdevolle en nederige karakter van die leier, ongeag in watter "model" hy/sy hom-/haarself bevind. Ek het al sterk leiers gesien wat mense in Tembisa bedien binne-in 'n sisteem van leierskap wat van buite af uiters outokraties voorkom, maar wat die mense om hom werklik bedien met liefde, nederigheid en waardigheid. Dan het ek weer ander leiers gesien wat voor en agter praat van diensbare "bottom-up"-leierskap, maar wat die arrogansie vanself is. Die "model" blyk minder belangrik te wees as die karakter van die leier/s.

   Dit beteken dat elke leier ten alle tye moet streef na maksimale geestelike groei en ontwikkeling in hulle verhouding met die Here, sowel as hulle waardes en karakter (Hanekom 2015: 34). In my optrede as gemeentekonsultant het dit my al opgeval hoe onvolwasse sommige gemeenteleraars kan optree. Sommige leraars is eenvoudig narsisties, selfsugtig, materialisties en kinderagtig in hulle hantering van verhoudings en bedieningsinteraksies. Sommige predikante het 'n slegte naam omdat hulle alewig kibbel oor geld, salarisse en byvoordele, terwyl hulle terselfdertyd die slagoffer probeer speel. Ander leraars is egter volwasse en stel weer 'n baie meer inspirerende voorbeeld.

   Dalk moet leraars en pastore ook meer besin oor die eise van leierskap in tekste soos 1 Timoteus 3. Leiers moet mekaar gedurig herinner dat ons onberispelik moet wees, getrou aan ons wederhelwe, nugter, verstandig en beskaaf. Ons moet gasvry wees en onsself bekwaam maak om te onderrig; nie rusiemaker wees nie en onsself aan niks verslaaf nie. Ons moet gasvry wees, inskiklik, vredeliewend en nie geldgierig nie. Ons moet met waardigheid gesag uitoefen oor ons gesinne. Ook moet ons by mense buite die gemeente, onder nie-gelowiges, as goeie mense bekend staan (verse 1-7). Dis nogal 'n mondvol en dis 'n hoë standaard om aan te voldoen! Dis egter die soort leierskap wat die regte invloed in die kultuur kan terugkry.

4. **Leiers moet veral hulle harte bewaar**. Spreuke 4:23 sê: "*Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe*." Ons as leiers moet veral hierop let. Studies dui vir ons aan dat 46% van predikante al geworstel het met depressie,

27% met ernstige ouerskapprobleme, 26% met huweliksprobleme en 19% was al verslaaf aan iets (Barna Trends 2017: 201). Uit dinge soos hierdie groei baie van die morele foute wat leiers soms maak. Ons moet dus die Spreukedigter se raad ernstig opneem. Jesus het ons geleer dat goeie vrug uit 'n goeie hart vloei en slegte vrug uit 'n slegte hart (Matteus 12: 33-37). Jesus neem ons hier vanaf die heersende uiterlike spiritualiteit van die Fariseërs, na 'n innerlike spiritualiteit van die hart. Leiers moet hulle harte bewaar.

Stephen Covey wys in sy boek *The 8th habit* (2002: 12), daarop dat die strukture en wetgewing in die samelewing in die verlede in 'n groot mate die mense se morele gedrag bestuur het. Neem iets soos seksuele promiskuïteit as voorbeeld. Indien iemand vyftig jaar gelede homself tot pornografie wou wend, sou hy fisies moes uitsluip iewers heen om die tydskrifte te gaan bekom en die kans was goed dat iemand hom sou kon uitvang. Vandag het tegnologie dit alles verander. Iemand kan pornografiese materiaal sit en kyk in die "veiligheid" van sy eie binnekamer op sy foon. Niemand sal ooit weet nie. Dit het een ding tot gevolg: vandag moet mense innerlik sterker wees as ooit te vore, want as jy jouself nie innerlik, geestelik en moreel op koers kan hou nie gaan jy jou hart nie kan bewaar teen die slegte en laat groei in die rigting van die goeie nie. Covey stel dit so (2002: 12): "*For the first time they (people) will have to manage themselves. And society is totally unprepared for it*." Ons moet dus self verantwoordelikheid neem daarvoor dat arrogansie, hoogmoed, wellus, liefdeloosheid en vreugdeloosheid nie insluip en ons harte vertroebel, en ons leierskapsinvloed vernietig nie.

Die enigste manier waarop dit kan gebeur, is wanneer leiers hulleself blootstel aan mentors aan wie hulle aanspreeklik kan wees. Ons het liefdevolle verhoudings nodig waarbinne ander vriende met ons eerlik kan wees oor ons lewens en waar mense die regte, harde vrae ("tough questions") kan vra sodat ons ons harte kan bewaar; en sodat ons in ons liefde vir Jesus kan groei.

5. **Goeie leiers veg vir eenheid in hulle span** (Hanekom 2015: 40-41). Een van die grootste oorsake daarvan dat ons die guns van die samelewing verloor, is wanneer gemeentes of gemeentelede onderling baklei op maniere wat vernietigend is. Dit is veral van toepassing op predikantspanne en leierskapspanne (soos kerkrade). Wanneer predikantspanne egter eensgesind is, sal dit moeilik wees vir die leierskap/kerkraad om onmin te saai. Leraarspanne is gewoonlik divers, en dit moet so wees. Die evangelie van Jesus bied egter vir ons al die nodige verhoudingsgereedskap om eensgesind te wees onder mekaar. Waar kollegas volwasse is en elkeen persoonlike groei nastreef, kan eensgesindheid egter hoogty vier. Goeie leiers jaag dit ten alle koste na. Hanekom wys op die eienskappe van gesonde eensgesinde spanne (2015: 41):

   5.1. Gesonde leraarspanne het pret en lag gereeld saam.

   5.2. Hulle groei geestelik saam.

   5.3. Wanneer daar verskille ontstaan, word dit vinnig en waardig hanteer. Daar word nie gebroei daaroor nie.

   5.4. Verskillende standpunte word met respek hanteer en geheel en al aanvaar, maar nie dislojaliteit nie. Diegene wat hulleself nie volledig vir die span kan gee nie, moet die span verlaat.

   5.5. Oefeninge waar die spanlede mekaar se temperamente en persoonlikhede kan leer ken, help gewoonlik baie.



6. **Bied kulturele leierskap aan ’n samelewing wat opsoek is na lewenswysheid** (Barna Trends 2017: 205). Geestelike leiers sal ook moet betrokke raak by nie-kerklike dinge in die kultuur en samelewing. Te danke aan die Internet, is inligting uiters goedkoop, maar wysheid is uiters skaars. In vandag se komplekse en onseker tye, is daar ’n geweldige behoefte aan helderheid en leiding. Daarom moet ons aan die samelewing ’n gawe van onderskeiding wees wat hulle kan help om die inligting en gebeure rondom hulle te interpreteer.

7. **“Omgekeerde skok” moet beoefen word** (Klein 2017: 266): Leiers moet die gemeente lei in die aanpak van projekte wat radikale liefde kommunikeer vir die globale samelewing, vir die mense van die land, vir mekaar en vir die aarde. Die effektiefste manier waarom ons ter wille van koninkryksimpak weer ’n stem in die samelewing moet kry, is om aktiwiteite te loods wat die Here se liefde vir ons medemens, en planeet so hard uitskree dat die wêreld ons nie meer kan ignoreer nie. ’n Flouerige liefde en louerige evangelie gaan dit nie doen nie. Ons sal deur ons handelinge en interaksie met mekaar en die samelewing en vir die wêreld moet wys hoe “wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek” (Efesiërs 3:18). En ons het Geesvervulde, waagmoedige en dapper leiers nodig wat ons soontoe kan lei.

- Barna Group 2016 – *Barna Trends 2017: What's New and What's Next at the Intersection of Faith and Culture*. Baker Books, Grand Rapids, Michigan.
- Brainy quotes. Found at https://www.brainyquote.com/topics/leadership.
- Cillizza C 2017 – *Trump's failure in Charlottesville was not political – it was moral*. Found at http://edition.cnn.com/2017/08/15/politics/donald-trump-press-conference/index.html
- Collins, J & Porras J 1994 – *Built to Last: Successful habits of visionary companies*. HarperBusiness. New York.
- Coulter, A 2016 – *In Trump We Trust: How he outsmarted the politicians, the elites and the media*. Biteback Publishing, London, UK.
- Covey, S 1989 – *The 7 habits of highly effective people*. Simon & Schuster. London. New York.
- Covey, S 2004 – *The 8th Habit: From Effectiveness to greatness*. Simon & Schuster. London, New York, Sydney, Toronto, Dublin.
- Frank, MS 1993 – *The essence of leadership*. Found at http://journals.sagepub.com/doi/pdf/10.1177/009102609302200303
- Freeth, B 2013 – *When Goverments Stumble: Lessons from Zimbabwe's past; Hope in Africa's Future*. Monarch Books: Oxford, UK & Grand Rapids Michgan.
- George, B 2011 – Why leaders lose their way. Found at https://hbswk.hbs.edu/item/why-leaders-lose-their-way
- Guinness, O 2016 – *Impossible People: Christian Courage and the Struggle for the Soul of Civilization*. IVP Books. Illinois.
- Hanekom, B 2015 – *Wat is die verskil tussen kerke wat groei en kerke wat sterf?* MCM Boeke. Kaapstad.
- Kinnaman, D & Lyons, G 2016 – *Good Faith: Being Christian when when society thinks you're irrelevant and extreme*. Baker Books, Grand Rapids, Michigan.
- Klein, N 2017 – *NO is not enough: Defeating the new shock politics*. Allen Lane, an Imprint of Penguin Books, UK.
- Mirza, M 2016 – *The express Tribune*: *The world leadership in crisis*. Found at https://tribune.com.pk/story/1045759/the-crisis-in-world-leadership/
- Mohale, B 2017 – *Mohale Hits out at Leadership crisis in South Africa*. Found at http://www.kfm.co.za/articles/2017/08/26/changemakers17-bonang-mohale
- Munusamy, R 2017 – '*Crisis of leadership' in South Africa lambasted by country's former finance gurus*. Found at https://www.timeslive.co.za/politics/2017-07-26-crisis-of-leadership-in-south-africa-lambasted-by-countrys-former-finance-gurus/
- Spangenberg IJJ 2002 - 2002a. *Perspectives on the Bible: God's Word in ordinary language*. Pretoria: Van Schaik.
- Spong, JS 1998. *Why Christianity must change or die: A bishop speaks to believers in exile*. New York: HarperOne.
- Stark, J 2011 – *The Top 10 reasons leaders fail*. Found at https://www.cnbc.com/id/45292120
- Sweet L 2012 – *I am a follower: The way, the truth and life of folowing Jesus*. Thomas Nelson. Nashville.
- Veldsman, T 2016 – *Global leadership is in crisis: it's time to stop the rot*. Found at http://theconversation.com/global-leadership-is-in-crisis-its-time-to-stop-the-rot-64495

www.ekerk.org
info@ekerk.org

—

Kopiereg 2017 Ekerk Vereniging

eKERK

Jesus - sigbaar, voelbaar, verstaanbaar